higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

INLEIDING TOT DIE REGTE
NKR VLAK 2

12 November 2024

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 6 bladsye.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 D
1.2 A
1.3 C
1.4 B
1.5 A
1,6 B
1.7 C
1.8 C
1.9 B
1.10 C

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 2

2.1 Waar
2.2 Onwaar
2.3 Waar
2.4 Waar
2.5 Onwaar
2.6 Onwaar
2.7 Onwaar
2.8 Waar
2.9 Waar
2.10 Waar

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 3

3.1 E
3.2 A
3.3 D
3.4 B
3.5 G

(5 × 1) **[5]**

VRAAG 4

4.1 hoër howe
4.2 laer howe
4.3 eenvormigheid
4.4 regsreëls
4.5 hofverslae

(5 × 1) **[5]**

TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING B

Aantekening aan die nasiener: Gebruik die antwoorde wat gegee word as ’n riglyn wanneer punte toegeken word.

VRAAG 5

5.1
- Die staat neem dit aan.
- Dit is bindende gedragsreëls.
- Dit reël sosiale verhoudings.
- Dit bepaal die regte en verpligtinge van mense wat regsverhoudings het.
- Staatsagentskappe dwing dit af. (5 × 1) (5)

5.2 Die natuurwette is fisiese, natuurlike en wetenskaplike wette wat in die afwesigheid van menslike ingryping bestaan.
Die wette van die samelewing is mensgemaak en behels gedragskodes. (2 × 2) (4)

5.3
- Die testament moet op skrif gestel wees.
- Die persoon wat die testament maak, moet dit onderteken.
- Twee bevoegde getuies wat terselfdertyd teenwoordig is, moet dit onderteken.
- Die persoon wat die testament maak (die testateur), moet al die bladsye onderteken. (5 × 1) (5)

5.4
- Saaklike serwituut of grondserwituut:✓Grond word beswaar✓ ten gunste van ’n ander stuk grond,✓ bv. een stuk grond kry water van ’n aanliggende stuk grond.
- Persoonlike serwituut:✓ Kan op grond of roerende eiendom bestaan✓ en is ten gunste van ’n bepaalde persoon,✓ bv. ’n persoon kry die reg om in ’n huis op die grond te bly en die opbrengs van die grond te gebruik. (6)

[20]

VRAAG 6

6.1
- Die gebruik moet redelik wees.
- Die gebruik moet reeds geruime tyd bestaan.
- ’n Gemeenskap moet die gebruik erken en navolg.
- Die inhoud van die gebruik moet seker en duidelik wees.
- Die gebruik moet ’n gevestigde praktyk wees.
- Die meeste mense in ’n gemeenskap moet deur die gebruik gebonde voel. (6 × 1) (6)

6.2
- Vorder die bates van die boedels in en bewaar dit.
- Doen verslag aan krediteure oor die insolvente se sake.
- Belê vergaderings met krediteure om eise te bewys.
- Bestudeer bewese eise.
- Ondervra die insolvente en andere.
- Likwideer bates ooreenkomstig instruksies van krediteure.
- Vorder uitstaande skulde in wat aan boedels verskuldig is.
- Stel rekeninge op vir bekragtiging deur die Meester voordat krediteure betaal word. (8 × 1) (8)

6.3
- Betree persele ✓
- Ondervra mense ✓
- Deursoek persone
- en persele ✓
- Konfiskeer of lê beslag op artikels ✓
- Neem mense in hegtenis ✓ (6 × 1) (6)

6.4
- Reële getuienis is getuienis in die vorm van ’n voorwerp of saak/ding
- wat voor die hof gebring word
- en waar die hof dit self kan besigtig.

(’n Maksimum van DRIE punte vir definisie van ‘reële getuienis’)

- Reële getuienis bestaan gewoonlik uit bewysstukke wat in die hof voorgelê word.
- Dit kan ’n vuurwapen wees wat in ’n moord gebruik is of
- gesteelde goedere of ’n
- DNS-ontleding, vingerafdrukke, ens

(’n Maksimum van TWEE punte vir die voorbeelde van ‘reële getuienis’; laat enige geskikte voorbeeld toe.)

(5 × 1) (5)
[25]

TOTAAL AFDELING B: 45

AFDELING C

Aantekening aan die nasiener: Gebruik die antwoorde wat gegee word as ’n riglyn wanneer punte toegeken word.

VRAAG 7

7.1
- Die sentrale inheemse reg wat familieverhoudings reël, is die reg wat met die instelling van die huwelik verband hou.
- ’n Belangrike kenmerk van die instelling is dat die groepe van die bruid en bruidegom sentraal is.
- Die huwelik kom tot stand met die oordrag van die bruid van haar groep aan haar eggenoot se groep.
- Albei familiegroepe moet toestemming gee.
- Hoewel die bruid ’n lid van haar eggenoot se groep word, behou sy lidmaatskap van haar groep. (5 × 1) (5)

7.2
- Alle howe moet inheemse reg erken en toepas.
- Die erkenning en toepassing van inheemse reg is onderhewig aan die Handves van Regte.
- Die erkenning en toepassing van inheemse reg is onderhewig aan wetgewing wat spesifiek daarmee gemoeid is.
- Dit impliseer dat slegs wetgewing wat ten doel het om inheemse reg te wysig, relevant is, en nie wetgewing oor die algemeen nie.
- Die howe bepaal wanneer inheemse reg van toepassing is.
- Die howe besluit dus of inheemse reg op ’n bepaalde saak van toepassing is. (6 × 1) (6)

[11]

VRAAG 8

8.1
- Die aanklaer moet bo redelike twyfel bewys dat die oortreders die misdrywe gepleeg het.
- Die staat roep eers getuies om te getuig en die staat se saak te bewys.
- Voordat die getuies kan getuig,
- moet die hof hulle insweer.
- Die verdediging, wat uit die regsverteenwoordigers van die beskuldigde bestaan,
- mag daarna die staat se getuies kruisondervra.
- Indien die prokureurs vir die verdediging glo dat die staat nie sy saak bo redelike twyfel kon bewys nie,
- mag hulle aansoek doen om die beskuldigde se ontslag kragtens artikel 174 van die Strafproseswet van 1977.
- Indien die hof glo dat daar genoeg bewyse is om die beskuldigde skuldig te bevind,
- moet die prokureurs vir die verdediging met hul saak begin. (10 × 1) (10)

8.2
- Arbeidshof
- Arbeidsappèlhof
- Inkomstebelastinghof (wat appèlle aanhoor)✓
- Handelshowe ✓
- Grondeisehof

(Enige 4 × 1) (4)
[14]

TOTAAL AFDELING C: 25
GROOTTOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou